# WELPIEGIDS 2026



# Inhoudsopgawe


- Helpie-vangnet
- Akademie
- Toetsrooster
- Skryfbehoeftes
- Oriënteringsweek
- Hoe moet ek lyk?
- Wat pak ek in?
- Kommunikasie
- Welpie-webtuiste
- Krisisbestuur
- Jaarprogram 2026
- Buitemuurse aktiwiteite
- Klerebank + Skoolklere
- Gedragskode + Beleide
- Busvervoer 2026
- Skoolgelde 2026
- Snoepie
- Sluitkassies
- Ander




**Klik gerus op die afdeling waarheen u wil gaan.**

# Vangnet



## Kliek gerus op die onnie se nommer om hulle te skakel

| | | |
|---|---|---|
| **Skoolhoof (Waarnemend)** | Eugene Marais | 082 574 0384 |
| **Adjunkhoof (Bemarking)** | Linda van Niekerk | 082 452 9772 |
| **Adjunkhoof (Dissipline)** | Hennes de Wet | 083 407 6753 |
| **Adjunkhoof (Akademie)** | Jana Theron | 072 940 4608 |
| **Sporthoof** | Shaun Jackson | 083 737 9377 |
| **Kultuurhoof** | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| **Graadvoogde** | Danelle Weideman | 071 860 7828 |
| | Wilmarie Brand | 082 870 6471 |
| | Marius van Rooyen | 079 391 9209 |
| **Logistieke Bestuurder** | Wayne Fourie | 073 223 6647 |
| **Kommunikasiebestuurder** | Rozelle Visser | 082 973 3676 |

## Kinderleiding

| | | |
|---|---|---|
| Koördineerder | Lynette Viljoen | 082 374 3360 |
| Opvoedkundige sielkundige/ diagnostiese evaluering | Dr. Lanette Hattingh | 083 267 1702 |
| Opvoedkundige sielkundige | Lize Bouwer | 083 400 8142 |
| Opvoedkundige sielkundige en IEB-akkommodasie-beampte | Morné Basson | 079 112 4892 |

# Akademie

## Vakhoofde

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| Besigheidstudies | Sharon Coetzee | 082 554 6027 |
| Derde Tale | Arliene van Wyk | 082 776 5279 |
| Dramatiese Kunste | Eghard Basson | 060 527 6120 |
| Ekonomie | Maryke vd Westhuizen | 076 353 6628 |
| English FAL | Tania van Deventer | 082 577 6853 |
| English Home Language | Hanneli Vivier | 084 245 0119 |
| Fisiese Wetenskappe | Chris Botha | 072 722 9564 |
| Geografie | Trudie Vermeulen | 082 900 8083 |
| Geskiedenis | Cois de Wit | 082 558 1654 |
| Ingenieursgrafika + Ontwerp | Willie v.d. Berg | 083 977 6444 |
| Inligtingstegnologie | Mariaan Bosman | 083 645 7436 |
| Lewensoriëntering | Rozelle Visser | 082 973 3676 |
| Lewenswetenskappe | Lenke Kruis | 071 918 0466 |
| Rekenaartoepassingstegnologie | Morné Oosthuizen | 084 505 6152 |
| Rekeningkunde | Louise Hattingh | 082 444 2199 |
| Sport- en Oefenkunde | Shaun Jackson | 083 737 9377 |
| Toerisme | Daniella Zwecker-Pienaar | 072 425 5659 |
| Visuele Kunste | Hiliza de Wet | 082 094 5030 |
| Wiskunde | Maricien Maritz | 083 455 8931 |

Helpmekaar het verskeie nasionale moderators, eksaminators, sub-eksaminators en kluster-leiers, wat in posisies is om strategiese bydraes tot die bevordering van akademie by die IEB te maak, op ons personeel.



## Ekstra klasse

Maandag tot Donderdag, 13:30 – 15:00
Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde, Afrikaans en enige ander vakke waar hulp benodig word. Indien 'n personeellid met sport- of kultuurverpligtinge besig is, sal 'n ander personeellid in die departement beskikbaar wees.

## Addisionele verryking

### Basislyntoetse:

Afrikaans, Engels en Wiskunde. Uitslae hieromtrent en algemene vaardigheidstoetse word in Februarie uitgestuur om u te betrek by die suksesvolle inskakeling van u kind by Helpmekaar se akademie.

### Leesontwikkelingsprogram


Graad 8's voltooi die EyeBrainGym-kursus om hul leesvaardigheid te verbeter. Die doel is om van die internasionale standaard van 204 woorde per minuut met 75% begrip te groei tot die EyeBrainGym-teiken van 300 woorde per minuut met 80% begrip.

### Aanleer van leervaardighede

Vaardighede ontwikkel ten opsigte van tydsbestuur, studiemetodes en roetines.

## Buddies

U kind se persoonlike *buddy* – 'n matrikulant - sal u kind onder sy of haar vlerk neem en seker maak u kind se inskakeling by die Helpie-familie is 'n positiewe ervaring.




## Klerewinkel

Phumla Tunzi 076 820 4133

## Handboeke

Nicolene Nel 073 314 2407

## Verlore goedere

Bryan Longbottom 076 980 4393

Michael Ramaru 076 755 5404



# Hoof-leiers


Diandro Bohta (Hoofseun)



Teneal de Jong (Hoofmeisie)


Mia Boshoff


Keara Bouwer



Faan Burger


Ruben Coetzee


Almay Erasmus


Xander Jackson


Juan Korsten



Deoné Mouton


Stella Myburgh


Christiaan Prinsloo


Mignonne Theunissen


Jacques Wolfaardt



# Akademie

## Graad 8

### VERPLIGTE EKSAMENVAKKE

Afrikaans

English Home Language OF

English First Additional Language

Wiskunde

Fisiese Wetenskappe

Lewenswetenskappe

Geografie

Geskiedenis

Rekeningkunde

Visuele Kuns

Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO)

### ADDISIONELE KEUSEVAKKE

Spaans / Duits / Frans

Indien 'n 3de taal nie geneem word nie, dan:

- Kommunikasievaardighede
- Fisieke Opvoeding
- Kreatiwiteit

### VERRYKINGSVAKKE GR. 8

- Leesvaardigheid
- DI Hub - Studiemetodes

## Graad 9

### VERPLIGTE EKSAMENVAKKE

Afrikaans

English Home Language OF

English First Additional Language

Wiskunde

Fisiese Wetenskappe

Lewenswetenskappe

Geografie

Geskiedenis

Lewensoriëntering / Innovasie

### KEUSEVAKKE

Rekeningkunde

Besigheidstudies

Visuele Kuns

Ingenieursgrafika en -ontwerp

Dramatiese Kunste

Spaans / Duits / Frans

Inligtingstegnologie (Basiese kodering)

### VERRYKINGSVAKKE GR. 9

- Fisieke Opvoeding
- Leervaardighede + Studiebeplanning
- Aanlyn kursusse

# Graad 10, 11 en 12

## VAKKEUSES

Sewe verpligte vakke (eksamenvakke), maar 'n agtste vak kan op die rooster geneem word.

## VERPLIGTE VAKKE

Afrikaans

English (Home or First Additional Language)

Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid

Lewensoriëntering

## 3 (of moontlik 4) van die volgende vakke:

Rekeningkunde

Ingenieursgrafika en Ontwerp

Fisiese Wetenskappe

Dramatiese Kunste

Visuele Kunste

Lewenswetenskappe

Inligtingstegnologie (IT)

Ekonomie

Geskiedenis

Rekenaartoepassingstegnologie (CAT)

Toerisme

Besigheidstudies

Geografie

Duits

Frans

Spaans

Verdere Studies Wiskunde en/of Further Studies English kan vanaf graad 10 as addisionele vakke geneem word en Verdere Studies Fisika kan vanaf Graad 11 geneem word, maar geen van hierdie mag as een van die verpligte sewe vakke geneem word nie.

# IEB-inligting

Die IEB (Onafhanklike Eksamenraad)-assesseringstelsel word gevolg. U kind ontvang dus aan die einde van graad 12 matriekresultate wat deur die IEB geëksamineer is. Dié raad is geakkrediteer by Umalusi. Internasionale navorsing ondersteun die idee dat assessering ŉ direkte impak het op onderrig en leer. Die IEB bied ŉ verskeidenheid assesserings vir onafhanklike skole wat by hulle geregistreer is.

**Die IEB is aktief in hul strewe om te verseker:**

- dat leerders in staat is om te evalueer watter inligting van toepassing is op ŉ sekere situasie (kritiese denke)
- dat onderwysers gehelp word in hul onderrig om in hul leerders ŉ vermoë te ontwikkel om hul menings en ondersteunende kennis duidelik en sterk te kommunikeer
- dat goed gekonstrueerde en deurdringende assesserings gebruik word om leerders se begrip, eerder as net memorisering, te toets.

Die IEB lewer konsekwente en betroubare NSS-uitslae met 'n gemiddelde slaagsyfer van meer as 98% waarvan tussen 85% en 90% toegang verkry tot graadstudies. 'n Studie wat uitgevoer is by die Universiteit van Kaapstad (UK) het getoon dat 25% van gegradueerdes wat hulle voorgraadse studie voltooi, van IEB-skole gekom het. Die gemiddelde slaagsyfer oor die 3-jaar-graadstudieperiode van leerders van IEB-skole, was 98%. Dit bevestig dat IEB-leerders deeglik voorberei word vir die eise van tersiêre studies in Suid-Afrika.

Die IEB is verbind daartoe om ŉ opvoedkundige sisteem van uitstaande kwaliteit op te bou waarop alle landsburgers kan trots wees, maar ook om die internasionale geloofwaardigheid van die SA Nasionale Seniorsertifikaat en Verdere Studies programme (Wiskunde, Engels en Fisika) uit te bou en te onderhou.

Die volgende is (onder andere) 'n aantal instansies oorsee, wat ook 'n klompie van die Ivy League en World Top 100-instellings insluit, wat leerders van IEB-skole aanvaar het op grond van hul matriekuitslae: Kalifornië Universiteit, Berkeley (VSA), New York Universiteit (VSA), Brown Universiteit (Rhode Island ,VSA), Edinburgh Universiteit (Skotland), Harvard Universiteit (Massachusetts, VSA), Universiteit van St Andrews (Skotland), Universiteit van Kent (Canterbury, VK), Universiteit van Twente (Nederland), London Skool van Ekonomie (VK) en Yale Universiteit (Connecticut , VSA).

Hierdie nuus is voorwaar positief vir IEB-skole en dus ook vir Helpmekaar.




## SAT-inligting

Die SAT-eksamen is 'n wêreldbekende toelatingseksamen wat ongelooflike studie-en werksgeleenthede skep vir studente. Dit is om hierdie rede dat die gr 11-leerders van Helpmekaar Kollege (met Wiskunde as vak) aangemoedig word om hierdie eksamen af te lê. Die vraestel vereis dat beide die Wiskunde, sowel as die Engelse komponent geskryf moet word.

# Toetsrooster



# Toetsrooster

### TERMYN 1

| Dag | Datum | Graad 8 |
|---|---|---|
| Do | 29-Jan | Afr |
| Di | 03-Feb | Eng |
| Do | 05-Feb | Wisk |
| Di | 10-Feb | Vis Kuns |
| Do | 12-Feb | Geo |
| Do | 19-Feb | Rek |
| Wo | 25-Feb | Interhoër |
| Do | 26-Feb | Wintersport |
| Di | 3 Mrt | Fis Wet |
| Do | 5 Mrt | Lew Wet |
| Di | 10 Mrt | Wisk |
| Do | 12 Mrt | Gesk |

### TERMYN 2

| Dag | Datum | Graad 8 |
|---|---|---|
| Di | 5 Mei | Lew Wet |
| Di | 12 Mei | Wisk |
| Di | 19 Mei | FW |
| Di | 26 Mei | Rek |

### TERMYN 3

| Dag | Datum | Graad 8 |
|---|---|---|
| Di | 15-Sept | Wisk |
| Do | 17-Sept | Geo |
| Di | 22-Sept | Rek |
| Di | 29-Sept | Eng |
| Do | 1 Okt | Gesk |
| Di | 6 Okt | Fis wet |
| Do | 8 Okt | Lew Wet |

## **Tutorklasse**

Die skool word ingedeel in tutorklasse van ongeveer 20 Helpies per tutoronderwyser. Termyntoetse word twee maal per week in dié tutorklas geskryf en administrasie word in tutorverband gedoen, bv. verskillende kontroles en inbetaling van gelde.

'n Bykomende voordeel is dat daar Helpies uit al vyf grade in elke tutorklas is en die kinders dus daardeur die geleentheid kry om Helpies van ander ouderdomme ook beter te leer ken - so word Helpie-gees en -lojaliteit versterk!

# Skryfbehoeftes



# INKOPIELYS (Skryfbehoeftes)

| ITEM | AANTAL |
| --- | --- |
| Dun, plastiese portefeuljelêer | 8 |
| Portefeuljelêer (koevertstyl) | 4 |
| Flipfile | 6 x 20 bl |
| Dik ringbinder-lêer (Slegs English Home Language) | 1 |
| 1 Stel van 5 afskortings vir lêer (Slegs English Home Language) | 1 |
| Passerstel met drukpotloodpunt | 1 |
| Sakrekenaar: Casio Fx – 82 ZA plus / *scientific calculator* | 1 |
| Drukpotlood (Pacer) | 1 |
| HB-potlood | 1 |
| 30cm liniaal | 1 |
| 15cm liniaal | 1 |
| Eksamenblok | 2 |
| Slegs indien Spaans as vak geneem word.<br>Dik ringbinder-lêer met 10 afskortings.<br>(Koop in gr. 8 aan en hou tot in gr. 12) | 1 van elk |
| Visuele Kunste | Ontvang 'n kunspakket by skool |



# Skryfbehoeftes vervolg...


## Ingenieursgrafika en Ontwerp

R 468


**Moet bestel en betaal word op die volgende webtuiste:**


**www.scolatek.com**

**By die SEARCH-opsie tik u in: HELPMEKAAR**




**By CHECK OUT kies u die LOCAL PICK UP-opsie (u hoef dus nie vir aflewering te betaal nie - dit word by die skool afgelewer).**




**By die BILLING DETAILS vul U KIND SE NAAM EN VAN IN**





# Eerste week

# MAANDAG, 12 JANUARIE 2026

| | |
|---|---|
| 07:00–07:30 | Aankoms van Gr.8-Welpies by Helpmekaar (Plaas 'rugsak' en skooltas in Forumsaal) |
| 07:30–08:30 | Saalopening saam met ouers, matrieks en Welpies (Ouers verdaag om 08:30) |
| 08:30–09:10 | Ysbreker |
| 09:10–09:30 | Gr. 8-Welpies verklee in gemaklike klere. (Eie kortbroek en tekkies; T-hemp sal voorsien word). Die etegeld is ingesluit by die oriënterings-weekkostes. |
| 09:30–09:45 | Koeldranke |
| 09:45–12:25 | *Groepsaktiwiteite: STASIES 1, 2, 3, 4 |
| 12:25 – 13:00 | Middagete |
| 13:00–15:00 | *Groepsaktiwiteite STASIES 5, 6, 7 |
| 15:00–17:45 | Atletiek |
| 17:45–18:15 | Swem |
| 18:45–19:30 | Aandete |
| 19:30–20:00 | Program: DIS ONS PLEK |
| 20:00–20:30 | Graadvoogsessie |
| 20:30–20:45 | Time-out |
| 21:30 | Ligte uit |

# DINSDAG, 13 JANUARIE 2026

| | |
|---|---|
| 06:00–06:30 | *Shower Hour* |
| 06:45–07:15 | Ontbyt |
| 07:30–08:00 | Aantree |
| 08:00–08:30 | Roosters |
| 08:30–13:30 | Akademiese skooldag |
| 14:00 | Ouers kom haal hul Welpies (Welpies wat nie bus ry nie) |
| 14:00 - 14:30 | Busindelings in saal |
| 14:30 - 15:00 | Busse vertrek |

# WOENSDAG, 14 JANUARIE 2026

| | |
|---|---|
| 07:30–13:30 | Normale skooldag . Eerste pouse: Aktiwiteit |
| 13:45 | Busse vertrek |

# DONDERDAG, 15 JANUARIE 2026

| | |
|---|---|
| 07:30–13:30 | Normale skooldag |
| 13:45 | Sportoefeninge begin |
| 15:15 | Busse vertrek |

# VRYDAG, 16 JANUARIE 2025

| | |
|---|---|
| 07:30–11:30 | Interhuis-swemgala |
| 11:30–12:30 | Inhuldiging inoefen |
| 12:30 – 13:00 | Middagete |
| 13:00–17:00 | Groentjiekonsertoefening |
| 17:30–18:30 | Ouervergadering vir alle Gr 8-ouers op die swembadpawiljoen<br><br>Akademiese en ander belangrike inligting word aan die ouers deurgegee |
| 17:30–18:30 | Groentjiekonsert - VERTONING 1 (Gr 9 – 12)<br>Welpie-ouers kuier<br>(pak 'n lekker mandjie met versnaperinge) |
| 19:00–20:00 | Groentjiekonsert - VERTONING 2 (Gr 8-ouers)<br>Twee ouers per leerder |
| 20:30–22:00 | Inhuldigingsfunksie |

***WELPIES WORD HELPIES!***

## * STASIES

- Helpies got talent : Koor/Groentjiekonsert/Afr- en Eng-praatjie
- Oefen en plas: Kondisionering en swem
- Veels geluk, liewe maatjie: Verjaarsdaglied
- Groet
- Skoollied
- Helpie Way
- Time Out



## KOSTES

Ons verskaf gedurende Oriënteringsweek **vyf maaltye** en 'n **T-hemp** aan elke Welpie - kostes beloop **R 315**

**Soos aan u gekommunikeer, kan hierdie geld by die Kenmekaar betaal word.**

# EERSTE-DAG-PRAATKUNS

*Elke Welpie se stem word gehoor!*



Redenaarsuitdunne vir alle Welpies vind op **Maandag, 12 Januarie 2026** by een van die stasies plaas. Hierdie uitdunne is die basis van ons spraakgilde-spanne wat gekies word.

LW: Die onderstaande is slegs temas en leerders kan dus hul eie onderwerpe daaruit formuleer.

**1. As ek vir 'n dag 'n superheld kon wees...**
**2. Die vreemdste droom wat ek ooit gehad het.**
**3. As ek in die verlede kon reis...**
**4. My perfekte dag – van oggend tot aand.**
**5. Wat ek in my rugsak sou pak vir 'n reis na Mars!**

Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat tyd beperk is. Elke redenaar het slegs een minuut tyd om sy mening te lug.

- Onthou: Dit is 'n impromptu-toespraak.
- Gee dus 'n kort inleiding en kom dadelik tot die punt.
- Laat dus jou gedagtes solank vooruithardloop oor wat jy beplan om te sê. Moenie 'n hele uitgewerkte toespraak bring nie. Jy kan enkele idees op skrif stel as dit jou pas.
- Hierdie is slegs 'n wegspring vir vele praatgeleenthede by Helpmekaar.

# TELL US ABOUT YOURSELF

**On Monday, 12 January 2026**, you will be given the opportunity to present a short speech at one of the 7 stations. This speech serves as an audition for Speech guild.

Speech guild is a 4-member public speaking competition. All junior (grade 8 and 9) teams will compete in the prepared division against other schools' teams during the first term.

**Speech topics:**

- *If I had a superpower it would be...*
- *My favourite fictional character.*

**Instructions:**

- Choose **one** of the two topics.
- Prepare a speech that shows off your critical thinking and speaking skills.
- Each learner only has ONE MINUTE to present his/her speech.
- Be creative and try to make your speech memorable.
- Have fun!



# Hoe moet ek op 12 Januarie lyk?

# Hoe moet ek lyk?




## Skoolklere

Seuns: Skoolhemp, -das, -kortbroek en kaalvoet

Meisies: Skoolrok, - hemp en kaalvoet

## Hooftooisel

**Jy ontvang 'n *hard hat waarop jou mylpaal/mylpale uitgebeeld moet word.***

(Let asb. daarop dat geen haarkleursel gebruik mag word in jou hare om die tema uit te beeld nie.)

LW: Jou hooftooisel moet die hele week hou.

# M M X X X

**M**Y **M**YLPALE

## Hare

Ons wil nie jou hare sien nie.

## Bord

Op die bord om jou nek:

**Wat is jou drie X'e (mylpale)**

# Wat pak ek in?





# Jy moet met so min as moontlik in so klein as moontlike sak kan oorleef.

**Merk asb. al jou besittings duidelik**

## 'n Swemhanddoek en swembroek

(swemklere moet onder skoolklere en Welpie-drag aangetrek word en geen bikini's word toegelaat nie)

## Klere

- 2 x Kortbroeke (NIE ski-pants/hot-pants/oefenbroekies nie)
- 2 x T-hemde
- Tekkies en kouse (geen ander skoene nie)
- 'n Hoed
- Jou Welpie-hemp wat op 12 Januarie 2026 uitgedeel word

## Slaapklere

Iets wat geskik is, bv. 'n gemaklike T-hemp en kortbroek

## Onderklere

## 'n Slaapsak

Let Wel: GEEN KUSSING

## Reënjas/sambreel/swartsak

Ingeval dit reën

## Sonbrandmiddels + waterbottel

## Meisies: haargoed

(hare moet te alle tye vas wees)

## Skooltas

Skryfbehoeftes + skryfblok
(Geen handboeke vir 12 + 13 Januarie nie, want jy ontvang eers op 13 Januarie jou rooster.

### Jy moet wel sonder die volgende oorleef:

**GEEN selfone, airpods, speakers of slimhorlosies**




**GEEN grimering**

**GEEN Graad 7-houdings of grootpratery**


Kommunikasie

Daar is verskillende kommunikasiekanale wat die skool gebruik om seker te maak dat ons doeltreffend met ouers kommunikeer:

## NUUSFLITS-WhatsApp-groepe

Weeklikse nuusbriewe en ander dringende sake word op hierdie groep met ouers gedeel.

## ADAM en e-SKOOL

Leerders en ouers sal aan die begin van die 2026-skooljaar hul inteken-besonderhede ontvang om hierdie twee webblaaie te gebruik: punte, klasnotas, verslae, ens. word hier gevind.

## Bus-toep

Die **Helpmekaar App**, soos u dit op Google Play Store en Apple Store sal vind, is 'n toepassing waarop u kan inteken en die bus waarop u kind ry, kan volg.

## Helpmekaar24

Op hierdie webtuiste/toep kan u alle nodige inligting ontvang: dagtye, bustye, afkondigings aan leerders, programme, toetsroosters en vele meer.

NS. Stoor dit sommer op u foon se *home screen*

# Welpie-webtuiste





# Krisisbestuur

## Verlore goedere

Die verlore goedere-stoor is in die Towers (onderste vloer, langs die Gr. 12-seunsbadkamer).
Michael Ramaru : **076 755 5404**

## Laat vir skool

Stuur **eers** 'n WhatsApp vir jou graadvoog voor 07:00.
Meld aan by ontvangs wanneer jy arriveer.

## Vroeg vertrek

Jou ouer laat weet **die dag voor die tyd vir jou graadvoog.**
Op die betrokke dag gaan haal jy 'n uittekenbriefie by jou graadvoog.

## As jy 'n toets/ eksamen mis

Verwys na die **akademiese prosedure**

## Afwesig


Stuur 'n WhatsApp **vir jou graadvoog** voor 07:00.

## As jy hulp nodig het of nie lekker voel nie

Moenie jou ouers skakel nie – gaan dadelik na een van die graadvoogde - hulle sal verdere reëlings tref.

## Daaglikse bustye

Jou belangrikste bron van inligting is **Helpmekaar24** – maak seker dit is afgelaai op jou foon. Die bustye word daagliks daar geplaas.




# Jaarprogram

# JAARKALENDER 2026

| TERMYN 1<br>(12 Januarie - 27 Maart) | TERMYN 2<br>(13 April - 31 Julie) | TERMYN 3<br>(31 Augustus - 2 Desember) |
|---|---|---|
| 12 Jan: Skool begin - Welpies en Gr. 12's | 13 Apr: Skool begin | 31 Aug: Skool begin |
| 14 Jan: Skool begin - Gr. 9, 10 en 11 | 24 Apr: Skoolvakansiedag | 4 Sept - 2 Okt: Rekordeksamen Gr. 12 |
| 16 Feb: HMK-vakansiedag | 27 Apr: Nasionale vakansiedag | 24 Sept: Nasionale vakansiedag |
| 20 Mrt: Studiedag | 1 Mei: Nasionale vakansiedag | 25 Sept: Skoolvakansiedag |
| 23-27 Mrt: Eksamen | 5 Jun: Studiedag | 30 Okt: Studiedag |
| 27 Mrt: Skool sluit | 8 Jun-3 Jul: Eksamen | 2 -26 Nov: November-eksamen (gr. 8-11) |
| | 3 Jul: Skool sluit vir reses | 5 Des: Rapporte beskikbaar en skool sluit |
| | 13 Jul: Skool begin ná reses | |
| | 29 Jul – 31 Jul: Produksie | |
| | 31 Jul: Skool sluit na Produksie | |
| | | |
| | *RESES: 4 - 12 Julie* | |
| *VAKANSIE: 28 Maart-12 April* | *VAKANSIE: 1 - 30 Augustus* | |




# Buitemuurse aktiwiteite



# KULTUUR 2025 (kan dus moontlik verander)

| | | |
|---|---|---|
| **Algemene Kennis** | Karen Stapelberg | 083 552 9090 |
| **ATKV-Redenaars** | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| **ATKV-Debat** | Louis Botha | 071 026 7850 |
| **ATKV-Tienertoneel** | Eghard Basson | 060 527 6120 |
| **Dink of Sink: Debat** | Louis Botha | 071 026 7850 |
| **Helpie Flitse** | Nadia van der Merwe | 083 699 4429 |
| **Dans** | Nicolene Pienaar | 082 554 5193 |
| **Interne Redenaars** | Betrokke afrigter | |
| **OppiTongAf-redenaars** | Mariëtte Keyser | 078 233 4332 |
| **Koor** | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| **Kultuur- en Musiekaande** | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| **Kunsklub** | Hiliza de Wet<br>Helene Vermaak | 071 849 5057<br>082 847 4609 |
| **Orators** | Lambré Krause | 071 362 0680 |
| **Orkes** | Peter McLea | 082 895 7475 |
| **Produksie** | Linda van Niekerk | 082 452 9772 |
| **Speech Guild (Public Speaking)** | Lori-Jo Bateman-Letsoalo | 076 029 6436 |
| **Spraakgilde** | Linda Peacock | 082 464 2557 |
| **Radikale Redenaars** | Mariëtte Keyser | 078 233 4332 |
| **Time-out en WOW** | Morné Oosthuizen | 078 233 4332 |

## SPORT 2025 **(kan dus moontlik verander)**

| | | |
|---|---|---|
| **Atletiek** | Arliene van Wyk | 082 776 5279 |
| **Avontuursport** | Rudolf Korb | 082 444 6305 |
| **Basketbal** | Linathi Jacob | 072 627 9155 |
| **Boogskiet** | Nicolene Pienaar | 082 554 5193 |
| **Duik** | Chris Botha | 072 722 9564 |
| **E-sport** | Tracey-Lee Erasmus | 084 299 3007 |
| **Gholf** | Marius Bakkes | 082 490 9183 |
| **Hengel** | Hennes de Wet | 083 407 6753 |
| **Hokkie: seuns & dogters** | Bryan Longbottom | 076 980 4393 |
| **Jukskei** | Ju-hanie Wilken | 079 092 2255 |
| **Kondisioneringsentrum** | Rian de Jager | 081 377 2225 |
| **Krieket** | Marnus Grobler | 079 298 7931 |
| **Landloop** | Jolene Richards | 078 478 4693 |
| **Muurbal: seuns & meisies** | Mariëtte Keyser | 078 233 4332 |
| **Netbal** | Louise Hattingh | 083 444 2199 |
| **Noodhulp** | Lenke Kruis | 071 918 0466 |
| **Oriëntering** | Lenke Kruis | 071 918 0466 |
| **Pad- en bergfiets** | Stoffel Coetzee | 082 878 0716 |
| **Rotsklim** | Helene Vermaak | 082 847 4609 |
| **Rugby en Sewes** | Tjaart van der Walt | 082 418 4729 |
| **Ruitersport** | Daniella Zwecker-Pienaar | 072 425 5659 |
| **Skaak** | Wilco Roets | 083 953 6773 |
| **Skyfskiet** | Chloé Barkhuizen | 079 693 9817 |
| **Swem** | Danelle Weideman | 071 860 7828 |
| **Tennis: dogters** | Tania van Deventer | 082 577 6853 |
| **Tennis: seuns** | Henco Doman | 073 264 5208 |

# Verpligte bywoning van aktiwiteite

- Graadtoere en -projekte
- Groentjiekonsert: Graad 8
- Interhoëratletiek (Privaatskool- sowel as Interhoër)
- Interhuisswem en moontlik ander sportbyeenkomste
- Produksie

# Huise

Leerders word in **drie huise** vir die jaar ingedeel.
Leerders het die geleentheid om deur die loop van die jaar punte vir hulle huis te verwerf.
Die trofee word jaarliks by die matrieks se laaste saalopening oorhandig. Die indeling is as volg:

| **Empire** | **Melle** | **Smuts** |
|---|---|---|
| Vanne | Vanne | Vanne |
| A – G | H – Q | R – Z |

# Ander aktiwiteite

Beauty & The Beast
Motorbike Run
Derde Taal-Addisionele eksamens
Expo's
Fiësta
Fotografie
Geesvang
Gemeenskapsdiens / Uitreik
Gholfdag
Groenklub
Kersprogram
Matriekafskeid
Modeparade
Olimpiades
Toere na die buiteland (Augustus)
Uitruilstudente
Valentynsbal en –week

# Klerebank + Skoolklere





## Winkel-ure vir res van 2025

**Maandag - Vrydag**
**08:00 - 14:30**
**(tot 3 Des)**

## Afspraak

**Maak asb. 'n afspraak om klere te kom pas en koop**

**Phumla Tunzi:**
**011 339 2226**
**076 820 4133**

## Eerste week in Januarie 2026

**Neem kennis van die spesiale klerewinkel-ure in die eerste week in Januarie 2026:**

| | | |
|---|---|---|
| **Woensdag** | **7 Januarie:** | **9:00 – 14:30** |
| **Donderdag** | **8 Januarie:** | **9:00 – 14:30** |
| **Vrydag** | **9 Januarie:** | **9:00 – 14:30** |
| **Saterdag** | **10 Januarie** | **8:00 - 12:00** |



**KLEREBANK-PRYSE**




# Beleide

# Die Helpie Way

## Ons probeer elke dag om die Helpie Way uit te leef en daarom het ons dissiplinêre stelsels en beleide in plek.


























## Helpmekaar se gevestigde gedragskode bevorder:

- **hoë waardes en goeie gedrag;**
- **ontwikkeling van positiewe eienskappe;**
- **verantwoordelike gedrag te alle tye;**
- **respek teenoor ander;**
- **volgehoue netjiese voorkoms; en**
- **goeie maniere en hoflike optrede**

**Klik gerus hier om ons skool se gedrags-kode en beleide te lees.**

KOMAAN HELPMEKAAR

# Busvervoer 2026



## Ons verwys u na die **Welpie-nuusbrief #4** wat op 17 September aan u gestuur is.


Nuusbrief #4

**Geagte Welpie-ouers 2026**

Die volgende belangrike sake word in hierdie skrywe bespreek:

- **Busaansoekvorm**
- **Koshuisverblyf**

**BUSVERVOER-INLIGTING**

***Moet deur ALMAL ingevul word.***

Kliek asb. op die skakel en voltooi die busvervoervorm teen **27 September**. Indien u kind nie van busvervoer gebruik gaan maak nie, kan u dit so aandui op die vorm.

BUS-VERVOER

**Vind meer inligting oor ons bussisteem en die kostes daaraan verbonde, kliek hier:**

***Let asb. daarop dat 2025 se pryse in bogenoemde dokument gebruik is - daar kan wel 'n effense verhoging in die pryse vir 2026 wees.***

Die finale busroetes en busbestuurders sal teen einde November aan u deurgegee word.

## Busfooie 2026

Klik asb. op die skakel om die busfooie vir 2026 te sien:








# Skoolgelde

Die direksie van Helpmekaar Kollege het onlangs, tydens die jaarlikse begrotingsvergadering, die skoolfooie vir 2026 bepaal.

Dit was onvermydelik dat die fooie met inflasie aangepas moes word, maar - danksy konserwatiewe bestuur van skoolfondse - was dit **slegs nodig om die fooie met 5% te verhoog**.

Ons is tevrede dat ons hiermee steeds die hoë kwaliteit opvoeding aan leerders sal bied waarop Helpmekaar se reputasie gebou is.

*Die skoolfooi vir 2026 is R 106 920.*

## Skoolgeldbetaalmetodes :

- **Eenmalig (voor 31 Januarie 2026):** R101 500
- **Per Termyn:** R34 750 x 3 (betaalbaar tydens eerste week van elke termyn).
- **Per maand:** R9 720  x 11  (Januarie tot November).

*Let wel dat skoolgelde nie toere, uitstappies, handboeke en skryfbehoeftes insluit nie.*

## Ouers met meer as een kind in HMK:

- **2e kind:**  R96 140 (R8 740 x 11 mnde)
- **3e kind:**  R85 470 (R7 770 x 11 mnde)
- **4e kind:**  R80 190 (R7 290 x 11 mnde)



## Nuwe leerders

'n Nie-verhaalbare (eenmalige) **inskrywingsfooi van R2 500** is betaalbaar met aanvaarding en inskrywing, **asook die eerste paaiement van die skoolgelde.**

## Instandhoudingsfonds

Die direksie versoek dat ouers weer 'n bedrag van R1 000 per kind tot die Instandhoudingsfonds bydra.

*Hierdie vrywillige bydrae kan dien tot 'n belastingvoordeel en daar kan, op versoek, 'n spesiale kwitansie Art18(A)2 van die Inkomstebelastingwet, nr. 58 van 1962, aan ouers uitgereik word.*

## Koshuis

**Koshuisgeld vir 2026 beloop R63 250 en is betaalbaar in elf paaiemente van R5 750 (Jan – Nov).**

## Skool se bankbesonderhede

Helpmekaar Kollege
ABSA BANK
Takkode: 632005
Reknommer: **406 683 1879**
Verwysing : **Kind se naam en van** (OF rekeningnommer bv. A001) / aktiwiteit)

## Formele Finansiële Ooreenkoms

ALLE OUERS moet asb. die **Finansiële Ooreenkoms** met Helpmekaar Kollege aanlyn voltooi.

**Finansiële Ooreenkoms**

*Derek van der Merwe*

VOORSITTER: DIREKSIE






# SNOEPIE

# Snoepie-aankope

Helpmekaar Kollege se direksie het in 2018 besluit om Helpmekaar se snoepie 'n kontantlose omgewing te maak.

Aankope by die snoepie word slegs via die ALLXS-app op u kind se foon gedoen.
Geen ander betaalmetode word by die snoepie aanvaar nie.

**Volg 'n paar maklike stappe om u kind met Helpmekaar Kollege se profiel te koppel. Klik hier** →



Elke kind kry dan 'n unieke ALLXS-rekeningnommer.
**Wanneer gelde op die rekening gelaai word, MOET DIE KIND se unieke ALLXS-rekeningnommer in die verwysingsveld verskyn, NIE DIE OUERS se rekeningnommer NIE.**

Gelde verskyn eers **2 tot 3 dae ná die oorplasing** op die ALLXS-kaart. Laai dus asb. vroegtydig geld op die kaart.

*Daar is heelwat video's en FAQS op die ALLXS-webtuiste, wat al u navrae sal beantwoord:*

ALLXS hanteer alle navrae t.o.v. die kaarte.

Hul kontakbesonderhede:

- WhatsApp Support 066 472 8657
- Onmiddellike hulp: 011 201 2025







# KOSHUISETES IS MAKLIK AANLYN BESKIKBAAR!

**Goeie nuus vir al die honger Helpies!**

**‘n Heerlike bord koshuiskos is beskikbaar op Allxs. Dit beteken julle hoef glad nie meer eerste pouse by die kantoor te kom boek nie – *julle kan*, maar dit is nie meer nodig nie!**

- **Die week se etes word Sondae oopgestel vir bespreking.**
- **Die afsnytyd vir elke dag se etes is daagliks om 10:00 vm.**
- **D.w.s. Maandag se etes sluit Maandag om 10:00, maar die res van die week bly oop vir bespreking tot hul onderskeie afsnytye.**



**Maak seker jy bespreek betyds – dit was nog nooit so maklik om jou etes te verseker nie!**



# Sluitkassies

## Hoekom gaan my kind ’n sluitkassie nodig hê?

U kind se akademiese lading by Helpmekaar gaan gepaard met verskeie skrifte, lêers, handboeke en notaboeke wat op 'n veilige plek bewaar moet word. Met die gebruik van Helpmekaar se sluitkassies maak ons u kind se lading letterlik en figuurlik minder. Dit word ten sterkste aanbeveel om ’n sluitkassie te huur, sodat akademiese en buitemuurse toerusting veilig bewaar kan word en sodat ons u 'n besoek aan die verlore goedere-stoor spaar.



## Hoe werk die huur van ’n sluitkassie?

Leerders het die geleentheid om 'n sluitkassie **vir 5 jaar te huur**. Die kostes beloop **R1250 vir die 5 jaar** en word op ’n *first-come-first-serve-* basis toegeken. Graad 12’s kry eerste die geleentheid om hul sluitkassies vir die jaar te bespreek, daarna die graad 11’s, ens.

Gr. 8-leerders sal teen einde Januarie 2026, wanneer die res van die skool reeds hul bespreking van kassies afgehandel het, die geleentheid kry om 'n sluitkassie te bespreek.

## Hoe hou ek my kind se sluitkassie veilig?

Slotte is verpligtend op sluitkassies. Geen strikkies of toutjies sal as beveiligingsmiddel aanvaar word nie en die skool sal nie verantwoordbaar gehou kan word vir die verlies of skade aan eiendom in so 'n geval nie. Ons beveel ook sterk aan dat slotte met 'n kode oop- en toegesluit word, aangesien sleutels maklik kan wegraak.

**Meer inligting sal vroeg in Januarie 2026 aan u deurgegee word.**



# Ander

# MY SCHOOL-KAART

U gesin gaan vroeg in volgende jaar 'n *My School*-kaart ontvang.

- Skandeer asb. die onderstaande QR-kode om u kaart, wat reeds aan Helpmekaar Kollege gekoppel is, te aktiveer.
- Vul die kaartnommer in wat op u *My School*-kaart verskyn
- Voila!
- (**Ons sal dit hoog op prys stel as u ook die moeite sal doen om u kaart aan u Woolworths-kaart te laat koppel** - sommer vinnig-vinnig by enige Woollies-winkel.)

## MAKE A DIFFERENCE TO US AND JOIN


### MySchool MyVillage MyPlanet

Get your free MySchool card
\+ Add us as your beneficiary
\+ Swipe at the partners
= Funds for us

RAISE FUNDS WITHOUT COSTING YOU ANYTHING EXTRA




www.myschool.co.za



SCAN THE QR CODE

